**Formele Skooldrag**

**Die onderstaande kleredrag- en voorkomsreëls geld te alle tye wat leerders in skooldrag geklee is, dus ook na skoolure. Geen siviele klere of skoene mag in kombinasie met die skooldrag gedra word nie. Die eenvormige drag gee aan ons skool ‘n netjiese voorkoms en is van groot dissiplinêre waarde.**

**Dogters – Somer**

- **Baadjie: Swart kleurbaadjie met skoolwapen.**
- **Rok: Voorgeskrewe geel skoolrok(10 cm of minder bokant die knie as die sy op haar knieë staan).**
- **Styl: Prinsesstyl, V-hals sonder gordel met versteekte sak in regtersy. ‘n Wit, kortmou-, oopknoopbloes met oopslaankraag van katoen.**
- **Hemp: ‘n Wit, kortmou-, oopknoopbloes met oopslankraagvvan katoen.**
- **Kouse en skoene: Wit enkelsokkies met of sonder skoolkleure in die omslag. Swart poleerbare skoolskoene(geen modeskoene nie).**
- **Oortrektruie: (Pullovers) Mag die hele jaar gedra word.**

**Winter**

- **Romp: Swart A-lyn skoolromp(10cm of minfer bokant die knie as die dogter op haar knieë staan). Romp mag nie nouer gestik word nie.**
- **Langbroek: Trevira, Poliëster of Wol-gaberdine. Wydte van broekspyp minimum 42cm, maksimum 46cm. Geen “bootleg, hipster of skinny” nie. Ritssluiter voor of in die sy. Langbroek mag nie sonder ‘n skoolbaadjie gedra word nie.**
- **Das: Amptelike skooldas.**
- **Kouse: Swart broekiekouse (Diggieweef).**
- **Trui: Langmou skooltrui. Swart skooloortrektrui(pullover). Trui mag nie die kleurbaadjie vervang nie.**
- **Serp: Gestreepte Volkieserp(by skool te koop).**
- **Handskoene: Swart effekleur handskoene.**

**Algemeen**

- **Geen jasse, musse, “beanies”, oorbaadjies, “windbreakers” of Drimacs word toegelaat nie.**
- **Skoollangbroeke mag nie in die somer gedra word nie.**
- **Skoolhemp mag nie onder die trui of “pullover” gedra word nie.**
- **Truie mag nie om die heupe gebind word nie en mag nie oor die hande getrek word of gate(om duime in te hak) in die moue hê nie.**
- **‘n Kort swart “ski-pants” mag onder ‘n rok of hemp gedra word op voorwaarde dat dit nie onder die soom uitsteek nie.**
- **Geen T-hemde of onderkleure mag by die skooluniform uitsteek nie.**
- **Geen sportdrag word tydens eksamens toegelaat nie.**

**Seuns – Somer en Winter**

- **Baadjie: Swart kleurbaadjie met skoolwapen.**
- **Broek: Grysbroek(kort of lank) met gordel + gespe nie breër as gordel self nie. Broekspype mag nie nouer of wyer gestik word nie.**

- **Hemp: Wit skoolhemp met lang of kortmoue. Hemde moet ingesteek word.**
- **Das: Die amptelike skooldas moet dwarsdeur die jaar gedra word.**
- **Kouse: Grys of swart kouse. Swart kniekouse by kortbroeke. Geen rugbykouse by stewels nie.**
- **Trui: Langmou skooltrui. Skool oortrektrui(pullover). Trui mag nie die skoolbaadjie vervang nie.**
- **Serp: Gestreepte Volkieserp(by skool te koop).**
- **Handskoene: Swart effekleur handskoene.**

**Algemeen**

- **Geen jasse, musse, "beanies", oorbaadjies, "windbreakers" of Drimacs word toegelaat nie.**
- **Skoolhemp mag nie onder trui of pullover uithang nie.**
- **Truie mag nie om die heupe gebind word nie en mag nie oor die hande getrek word of gate(om duime in te haak) in die moue hê nie.**
- **Geen T-hemde/onderkleure mag by die skooluniform uitsteek nie.**
- **Geen sportdrag mag tydens eksamens gedra word nie.**

**Studenteraad**

- **Studenteraad se kleredrag soos voorgeskryf:**
- **Dogters: Swart romp, wit hemp en das.**
- **Seuns: Swart lang- of kortbroek, wit hemp en das.**
- **Alle reëls rakende skooldrag en voorkoms is ook op SR van toepassing.**
- **Slegs SR-lede mag hul name op "pullovers" borduur.**

**Formele Skooldrag**

**Voorkoms:**

**Alle ontoelaatbare juwele en haarversierings sal deur personeel of SR-lede gekonfiskeer word en in die kluis toegesluit word tot die einde van die kwartaal.**

**Dogters**

- **Hare mag nie meer as een kleur wees nie en geen vreemde en onnatuurlike haarstyle word toegelaat nie.**
- **Hare wat los gedra word, mag nie oor die onderste gedeelte van die omvoukraag van 'n hemp of baadjie hang nie.**
- **Indien hare vasgemaak word, mag geen slierte onder by die neklyn, langs die gesig of oor die oë hang nie. Slordige saambondeling en "upstyles" is onaanvaarbaar.**
- **Slegs swart of wit haarbykomstighede(knippies, rekkies. linte ens.) word toegelaat. Geen gekleurde steentjies, pêrels, diamante, blomme of ander dekoratiewe versierings nie.**
- **Geen haarverlengings, "klossies of dreadlocks" nie.**
- **Geen grimering(ook onderlaag) word toegelaat nie (geen vals wimpers nie).**
- **Naels moet kort en netjies wees (mag nie verby vingerpunte steek nie) en slegs kleurlose naelpolitoer word toegelaat (geen gel of "tips" nie).**

**Juwele**
**Slegs die volgende mag gedra word:**

- Horlosie
- Een paar dun goue of silwer ringetjies sonder versierings(nie groter as ‘n nuwe 10c stuk nie) of koppies(studs) sonder steentjies.
- Slegs lapelwapentjies wat deur die skool uitgereik is.
- Slegs standaard mediese kentekens (SOS en Medic Alert)

**Die volgende word nie toegelaat nie:**

- Seëlringe of enige adner ringe.
- Neus-, tong- en/of werkbrouriinge.
- Sigbare tatoeërmerke.
- Magnetiese- of plastiekbandjies (Geen Power Balance bandjies nie).

**Seuns**

- Hare mag nie gekleur word nie en geen vreemde, onnatuurlike, regop haarstyle(“mowhaw” ens) word toegelaat nie.
- Hare moet die eerste dag van die kwartaal reeds volgense voorskrif wees.
- Hare moet netjies en kort gesny wees en mag nie oor die hempskraag hang nie.
- Wangbaarde mag nie langer as die oorgaatjie wees nie.
- Hare oor die voorkop mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Hare mag nie oor die ore hang nie.
- Seuns wat skeer, moet daagliks skeer.
- Geen sigbare tatoeërmerke nie.
- Geen seël-, oor-, neus-, tong- en/of wenkbrouringe mag gedra word nie.
- Geen dekoratiewe armbande word toegelaat nie.
- Slegs horlosies en lapelwapens deur die skool uitgereik en standaard mediese kentekens is toelaatbaar.
- Geen magnetiese- koper- of plastiek armbandjies (geen Power Balance bandjies nie).
- Ontoelaatbare juwele en versierings sal deur die personeel of SR-lede gekonfiskeer word en vir een kwartaal in die kluis toegesluit word.

**Informele Skooldrag – Seuns en Dogters**

**Winter**

Volledige voorgeskrewe skoolsweetpak. Rooi Volkie sporthemp.

**Somer**

- Rooi Volkie sporthemp. Swart Volkie Kniebroek.
- Geen swart broeke met strepe of Nike, Adidas ens. nie.
- Plakkies mag nie saam met sportdrag gedra word nie.